# HEBREËRS 9

## TEMA: DIE OU VERBOND EN DIE NUWE VERBOND

**Oordenking deur: Gert du Plessis** (*Kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: HEBREËRS 9: 1- 28

**Heb 9:1 So het dan die eerste verbond sowel verordeninge vir die erediens asook sy aardse heiligdom gehad.**
**Heb 9:2 Want die tabernakel is so ingerig: die eerste, waarin die kandelaar was en die tafel en die toonbrode, wat die Heilige genoem word;**
**Heb 9:3 en agter die tweede voorhangsel die tabernakel wat genoem word die Allerheiligste,**
**Heb 9:4 waarin 'n goue wierookbak was en die ark van die verbond, rondom heeltemal met goud oortrek, waarin die goue kruik met die manna was en die staf van Aäron wat gebloei het, en die tafels van die verbond;**
**Heb 9:5 en daar bo-op die gérubs van die heerlikheid wat die versoendeksel oorskadu het, waaroor nie nou afsonderlik gespreek kan word nie.**
**Heb 9:6 En nadat hierdie dinge so ingerig was, het die priesters wel gedurig in die eerste tabernakel ingegaan om die dienste te vervul,**
**Heb 9:7 maar in die tweede die hoëpriester alleen, een maal in die jaar, nie sonder bloed nie, wat hy offer vir homself en vir die sondes van die volk uit onwetendheid begaan—**
**Heb 9:8 waarmee die Heilige Gees dít duidelik maak, dat die weg na die heiligdom nog nie geopen is so lank as die eerste tabernakel nog standhou nie.**
**Heb 9:9 Dit was 'n beeld met die oog op die teenwoordige tyd waarin daar gawes en offers gebring word, wat hom wat die diens verrig, na die gewete nie volkome kan maak nie,**
**Heb 9:10 omdat dit net bestaan het in spys en drank en verskillende wassinge en vleeslike verordeninge wat opgelê is tot op die tyd van herstelling.**
**Heb 9:11 Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie,**
**Heb 9:12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.**
**Heb 9:13 Want as die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees,**
**Heb 9:14 hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien.**
**Heb 9:15 En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.**
**Heb 9:16 Want waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word;**
**Heb 9:17 want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie.**
**Heb 9:18 Daarom is ook die eerste testament nie sonder bloed ingewy nie;**
**Heb 9:19 want toe elke gebod volgens die wet deur Moses aan die hele volk aangekondig is, het hy**

**die bloed van die kalwers en bokke saam met water en skarlakenrooi wol en hisop geneem en die boek self en die hele volk besprinkel**
**Heb 9:20 en gesê: Dit is die bloed van die testament wat God met die oog op julle verorden het.**
**Heb 9:21 En hy het ook die tabernakel en al die gereedskap van die diens net so met die bloed besprinkel.**
**Heb 9:22 En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.**
**Heb 9:23 Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie.**
**Heb 9:24 Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn;**
**Heb 9:25 ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie,**
**Heb 9:26 want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen.**
**Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,**
**Heb 9:28 so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.**

-o0o-

## 1. ONVOLMAAKTHEID VAN DIE OU VERBOND

- Die **Ou Testament** is net 'n heenwysing na Christus Jesus. Dit is die wet en die profete. Dit dui op die Vader se droom, Sy hartsbegeerte waarom Christus vlees moes word.
- Die Nuwe Testament is die vervulling van die Vader se hartsbegeerte. In die nuwe verbond het al die ou verbonde tot vervulling gekom. Daar is baie ou verbonde maar net 1 nuwe verbond, en dit is die verbond in Christus Jesus.

**Hebreërs 9:1** So het dan die eerste verbond sowel verordeninge vir die erediens asook sy aardse heiligdom gehad.

Die ou Verbond het sy plek gehad tot net op 'n stadium.

### i) Uitleg van die Tabernakel

**Hebreërs 9:2** Want die tabernakel is so ingerig: die eerste, waarin die kandelaar was en die tafel en die toonbrode, wat die Heilige genoem word;

Die tabernakel bestaan uit die voorhof, die heilige en dan die Allerheiligste.

- Alle nasies was in die **voorhof** toegelaat,
- maar net die priesters was toegelaat in die **heilige** deel. Dit is waar die offers gebring was, waar al die rituele plaasgevind het. Die volk het hulle offervleis na die priesters in die voorhof gebring. Hulle het dit ontvang en in die heilige gedeelte geneem waar al die rituele plaasgevind het.

**Hebreërs 9:3** en agter die tweede voorhangsel die tabernakel wat genoem word die Allerheiligste,

- Dis 'n simboliek van die liggaam vandag - die vlees, die siel en die gees. Die **liggaam** is die voorhof, dit is waar alle volke, nasies en tale die vrymoedigheid gehad het om daar te kom. Dit dui daarop dat ons vlees gaan elke dag te doen kry met die boosheid en die wêreld, en al die versoekinge van die wêreld.

-o0o-

- Ons **sielsdimensie** is egter veronderstel om die heilige gedeelte te wees, aan die Here toegewy. Dit is veronderstel om onder die beheer van die Heilige Gees te wees, en nie onder die beheer van die vlees nie, nie onder die beheer van **'ek wil'** nie, maar Here wat **wil U hê.**
- Dan die **gees** is natuurlik die gees wat wedergebore is.

**Hebreërs 9:4** waarin 'n goue wierookbak was en die ark van die verbond, rondom heeltemal met goud oortrek, waarin die goue kruik met die manna was en die staf van Aäron wat gebloei het, en die tafels van die verbond;

**ii) Tabernakel Simboliek**

- Goue kruik met die manna is die **Woord van God** wat in ons leef, wat in ons grond gevat het, wat die voedsel verskaf. Dit is 'n kruik waarin daar nie wurms is nie, dit wil sê dit is vars, nuwe manna wat altyd aangevul word.
- Die goue wierookbak is die **lieflike reukoffer** wat gedurigdeur uit ons gees na God toe moet gaan.
- Die ark van die verbond wat met goud oortrek was, dit is die **verbond** (covenant), dit is die **besnydenis van die hart**, wat moet spreek van die verbond tussen Hom en ons.
- Die staf van Aäron is 'n tipe van die **hoëpriesterskap**.
- Die tafels van die verbond is die **vervulling** van die wet en die profete.

**Hebreërs 9:5** en daar bo-op die gérubs van die heerlikheid wat die versoendeksel oorskadu het, waaroor nie nou afsonderlik gespreek kan word nie.

**iii) Offers**

**Hebreërs 9:6** En nadat hierdie dinge so ingerig was, het die priesters wel gedurig in die eerste tabernakel ingegaan om die dienste te vervul,

Duisende priesters het gedurig deur offers daar gebring, vir die volk, dag in en dag uit; dit is al wat hul moes doen.

**Hebreërs 9:7** maar in die tweede die hoëpriester alleen, een maal in die jaar, nie sonder bloed nie, wat hy offer vir homself en vir die sondes van die volk uit onwetendheid begaan—

Die hoëpriester was ook deel van hierdie verbond. Hy was 'n doodgewone mens met sondes, dus moes hy eers self die rituele deurgegaan het. Daarna kon hy alleen die Allerheiligste ingaan, met bloed om daar vir die volk te gaan offer.

**Hoekom was dit so?**

Daar was skeiding tussen die mens en God, en dit is sonde wat dit veroorsaak het.

***Jesaja 59:1*** *Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie;*

*Jesaja 59:2 maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.*

Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, daarom was niemand op aarde regverdig om in te gaan in daardie plek nie. Dit is die rede waarom hierdie rituele gedurigdeur moes plaasvind

- Daar was geen direkte verbintenis tussen God en die mens nie.

-o0o-

- Daar moes altyd 'n tussenganger wees, soos Moses en die profete. Hulle het net van Hom gehoor maar Hom nie van aangesig tot aangesig gesien nie. Hulle het nie Sy heerlikheid aanskou nie, hulle het nie 'n verhouding met Hom gehad nie. Hulle het Sy wonders en tekens, Sy werke gesien, maar Hom nie geken nie. Daar is 'n groot verskil tussen Hom en Sy werke.

**Voorbeeld**: Ek is 'n baie goeie kunstenaar en jy koop my skilderye. Jy ken my deur my werke maar jy het nie 'n persoonlike verhouding met my nie. Die oomblik as jy my ken en tyd met my spandeer, en miskien 'n familie lid word, en ek skenk vir jou 'n skildery, dan heg jy soveel meer waarde daaraan. Dan sien jy nie meer net my werke nie maar jy ken my as persoon.

Dit is die probleem, daar is baie mense wat van die Here hoor maar hulle ken Hom nie.

***1 Samuel 3:1*** *En die seun Samuel het die HERE gedien voor Eli, en die woord van die HERE was skaars in die dae: gesigte was daar nie baie nie.*

*1 Samuel 3:2 In dié tyd dan terwyl Eli op sy plek lê en slaap—sy oë het al begin swak word, sodat hy nie kon sien nie—*

*1 Samuel 3:3 toe die lamp van God nog nie doodgegaan het nie, en Samuel lê en slaap in die tempel van die HERE waar die ark van God was,*

*1 Samuel 3:4 het die HERE na Samuel geroep; en hy het geantwoord: Hier is ek.*

*1 Samuel 3:5 Daarop loop hy na Eli en sê: Hier is ek, want u het my geroep. Maar hy antwoord: Ek het nie geroep nie; gaan slaap maar weer. Hy het toe geloop en gaan lê.*

*1 Samuel 3:6 Verder het die HERE Samuel weer geroep, en Samuel het opgestaan en na Eli gegaan en gesê: Hier is ek, want u het my geroep. Maar hy antwoord: Ek het nie geroep nie, my seun, gaan slaap maar weer.*

*1 Samuel 3:7 Maar Samuel het die HERE nog nie geken nie; ook was die woord van die HERE nog nie aan hom geopenbaar nie.*

Samuel het die Here gedien in die plek wat hy ingeneem het, by die ark in die huis van die Here geslaap, by Eli, die mees gunstigste plek wat hy kon kry in die hele Israel. Die Bybel sê hy het die Here gedien maar toe die Here hom roep, het hy nie die Here geken nie. Hy het nie geweet wie is die Here nie, want hy het nog nooit die openbaring gehad van wie die Godheid is nie.

Vandag is dit ook die geval, baie mense dien die Here maar hulle ken Hom nie. Die oomblik wanneer jy met hulle gesels kan hulle jou niks vertel van hierdie Verbond God van hulle nie. Dit is 'n hartseer toedrag van sake. Hulle hoor van Hom want hulle gaan Sondag na Sondag kerk toe, tog is daar geen persoonlike verhouding nie. Hulle sit in die samekoms van die heiliges maar hulle self het nog nooit 'n openbaring ontvang van Sy heerlikheid nie.

Die nuwe verbond gaan oor 'n verhouding, en nie oor hoorsê nie. Dit gaan oor wie is Hy werklik in my lewe. Hoe het Hy homself geopenbaar in my lewe? Kan ek aan die mensdom vertel van hierdie Here wat Homself aan my geopenbaar het?

## 2. DIE NUWE VERBOND

### i) Die 3de Dag

**Belangrik**: Ons is nou in die derde dag. Toe die Jode Jesus se gesag bevraagteken tydens die reiniging van die tempel, sê Jesus vir hulle: *breek hierdie tempel af en Ek sal dit in 3 dae weer oprig.* Ons moet in gedagte hou dat daar 3 tempels gebou moes word.

-o0o-

- Die 1ste tempel was deur Salomo gebou,
- die 2de was deur Esra en Nehemia herstel maar
- die 3de tempel is 'n geestelike tempel/liggaam. Dit is ook 'n heenwysing na Sy opstanding. Dit is Sy liggaam, Sy bruid wat in hierdie dae opgerig word. Die Jode gaan dit egter fisies ook oprig. In die 3de dag sal die opstanding plaasvind en Hy sal in Sy liggaam opstaan.

Maar in wie het Hy opgestaan?

Hy het in Sy liggaam opgestaan, in Sy bruid, hulle wat in sy dood gedoop is. Hulle wat die getuie is van die opstanding, is nou besig om in hierdie dae bymekaar te kom sodat hulle die boustene kan vorm van die ware tempel waarvan Esegiël praat. En as Hy praat van vir ewig woon is dit nie 'n fisies nie, dit is geestelik. Dit is sy bruid in wie die Heilige Gees vir ewig sal lewe. Hy is besig in hierdie dae om hierdie tempel bymekaar te bring.

***Eségiël 43:7*** *En Hy het vir my gesê: Mensekind, dit is die plek van my troon en die plek van my voetsole waar Ek vir ewig sal woon onder die kinders van Israel; en die huis van Israel sal my heilige Naam nie meer verontreinig nie, hulle en hulle konings met hulle hoerery en met die lyke van hulle konings, by hulle dood;*

**Vraag**: Is jy deel daarvan of nie? Slegs diegene wat met Hom in die nuwe verbond is, is dan deel van hierdie tempel. Daarom is dit belangrik dat ons moet begryp dat dit alles handel oor die Nuwe Verbond. Jy kan nie deel van die ou verbond en terselfdertyd deel van die nuwe verbond wees nie. **Die ou verbond is nie vernietig nie maar het in Christus Jesus tot vervulling gekom.**

**Hebreërs 9:8** waarmee die Heilige Gees dít duidelik maak, dat die weg na die heiligdom nog nie geopen is so lank as die eerste tabernakel nog standhou nie.

Die Woord is baie duidelik, solank die 1ste tabernakel nog stand hou, kan die Heilige Gees nie die deurbraak, die openbaring van die opgestaande Christus bring nie.

- Dit gaan oor die opstanding, oor die oorwinning oor die dood en hel.
- Dit gaan oor die reg om te triomfeer oor sondes, die reg om die slang op sy kop te trap, die reg om heerskappy terug te vat, die reg om die 2de hemel weer te okkupeer.

Onthou ons was in die geestelike realm, satan het dit reggekry om ons te beroof van die geestelike realm en ons op die aarde te plaas, want hy was op die aarde neergegooi.

- ♦ Ons was in die 2de hemel en God is in die 3de hemel.
- ♦ Die mens het in die geestes realm gefunksioneer en satan was op die aarde,
- ♦ maar sonde het veroorsaak dat ons nou op die aarde is en satan in die 2de hemel.

Christus het egter gekom en die bordjies verhang en ons weer die reg gegee om in die geestelike realm te funksioneer. Ons is in hierdie wêreld maar ons is nie van hierdie wêreld nie. Ons het weer die reg om die geestelike realm te okkupeer sodat ons weer in beheer kan kom, en sodoende die duiwel weer terug te plaas op sy plek en dit is onder ons voete. Hy het nie die reg om dit te okkupeer nie, ons moet dit okkupeer. Wanneer ons dit nie so doen nie, is daardie plek beskikbaar. Satan hoef nie genooi te word nie, wanneer lig nie in sy plek is nie, sal duisternis outomaties heers.

### ii) Toewyding

**Hebreërs 9:9** Dit was 'n beeld met die oog op die teenwoordige tyd waarin daar gawes en offers gebring word, wat hom wat die diens verrig, na die gewete nie volkome kan maak nie,

Die offerande wat hulle gedoen het kon selfs die hoëpriester nie volkome maak nie, daarom moes hy dit elke jaar doen.

-o0o-

**Hebreërs 9:10** omdat dit net bestaan het in spys en drank en verskillende wassinge en vleeslike verordeninge wat opgelê is tot op die tyd van herstelling.

Al hierdie dinge (waskomme, Aäron se staf ensovoorts) was aardse dinge. Alles wat in die tabernakel was, was aardse voorwerpe wat deur mense gemaak was. Die menslike element was dus nog steeds in hierdie voorwerpe sigbaar, alhoewel dit na die beeld van die hemelse gemaak was. Dit het uit die aarde voortgekom wat vervloek is. Daarom moes dit aan God toegewy word. Ons sien in die rituele toe Moses dit gemaak het, moes hy dit alles met olie gesalf het. **Dit is 'n simboliek aan die olie wat op die mens kom, vir funksionering onder die salwing van die Heilige Gees**. Dit het niks te doen met deurposte salf nie. Die voorwerpe wat in die tempel gesalf was, was alles heenwysings na ons geestelike lewe, na ons sielsdimensie en ons gees.

***Levítikus 8:10*** *Toe het Moses die salfolie geneem en die tabernakel en alles wat daarin was, gesalf en dit geheilig.*

## 3. TYD VAN HERSTEL

**Hebreërs 9:11** Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie,

Hebreërs 9:12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.

Al hierdie rituele, wat 'n heenwysing was na Christus, het in Hom tot vervulling gekom. Daarom moes dit herhaaldelik gedoen word, dit kon nie die prys betaal nie, en het slegs gedien as tydelike herstellings. Christus het deur die groter en volmaakter tabernakel, wat 'n geestelike tabernakel is, wat nie met hande gemaak is nie, ingegaan en 'n ewige verlossing teweeggebring.

- Daarom was daar by Maria ook nie 'n eiersel bevrugting nie, sy het die Woord ontvang en die volkome Woord in haar het die groei begin. Maria het net haar liggaam gegee, daarom sê die Woord: *U het vir my 'n liggaam voorberei*. Die Woord was reeds volkome Woord wat deur engel Gabriël na haar toe gebring is. Sy het die volkome Woord aanvaar en die Woord het in haar vlees geword. Daarom was in Christus, die volkome offer wat die Vader vir ons gegee het, geen menslike aspek verbonde nie.

***Hebreërs 10:5*** *Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei.*

***Alles wat in Christus is, is volkome hemels, daar was nooit enige aardse besmetting nie.***

- Die 5 vloeke van Génesis (Verwys: Koninkryk 1) het geen effek op Christus gehad nie omdat Hy nooit deel van hierdie wêreld was nie.
- Hy het in hierdie wêreld gekom en bestaan, maar Hy het eintlik in die hemel gelewe.
- Hy het gedurigdeur in die wil van die Vader gelewe.
- Hy het in die 2de hemel gelewe en geokkupeer.
- Daarom kon niks met Hom gebeur of oor Hom kom wat nie in die wil van die Vader was nie, daarom Sy woorde aan Pilatus: *Johannes 19:11 Jesus antwoord: U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u oorlewer, groter sonde.*

**Hebreërs 9:13** Want as die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees,

-o0o-

As die aardse rituele en goed vir ons tydelike versoenings gebring het, dan:

**Hebreërs 9:14** hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien
Met ander woorde, nou offer die Vader hierdie onbesmette offer vir die mensdom. Hoekom?

**Hebreërs 9:15** En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.

Hebreërs 9:16 Want waar 'n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word;

Hebreërs 9:17 want 'n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie.

Die testament (dit is die ou verbonde) is geskryf, dit bestaan.

Wanneer het dit tot vervulling gekom?

- Die oomblik toe Christus Jesus, die soewereine Lam geoffer was vir die mensdom.

### i) Wat Het Dit Bewerkstellig?

- Die offer van die Lam, het die sondes van die mense weggeneem.
- Die Lam het opgestaan en die mag, gesag en outoriteit terug gevat wat die mensdom verloor toe hulle dit aan die satan afgestaan het.
- Die Lam het gesê: *"Nou het Ek terug gevat alles wat oorspronklik aan die Godheid behoort het"*. Toe het die volmaaktheid van hierdie verbond tot vervulling gekom.
- Verder sê Hy: *"Julle hoef nie meer al hierdie rituele doen nie, in My het alles tot vervulling gekom".*
- "*As jy in My 'n nuwe skepsel is, dan is jy saam met My, want Ek het nou die moederskoot geopen".*
- *"Ek het die voorhangsel geskeur, Ek het die maagdevlies geopen, en deurgegaan tot in die Allerheiligste, nou kan julle My net volg"*.
- Dít is die nuwe verbond, ons het nie 'n ander verbond nie. Ons kan nie aan die ou dinge vashou nie, want dan het nie nuwe nog nooit vir ons 'n werklikheid geword nie. Die ou verbonde was almal net heenwysings na die kruising van Christus Jesus.

### ii) Skeuring van die hart

**Hebreërs 9:18** Daarom is ook die eerste testament nie sonder bloed ingewy nie;

- Dit handel alles oor bloed, want 'n vloek kan net met 'n offer losgekoop word.
- 'n Offer is 'n offer omdat daar bloed betrokke is, met ander woorde dit is die skeuring van die hart.
- 'n Offer is juis iets wat jy doen of opoffer, wat jy nie eintlik kán opoffer nie, en dan respekteer God dit.
  - Mense het baie verskonings oor dit wat hulle nie nou kan doen of bywoon nie. Wanneer ander dinge nog belangriker is as God, moet mens regtig jou hart deursoek. Kolossense 1 sê dat Christus in alles 1ste moet wees.

    Kolossense 1:18 En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees.

In die nuwe verbond behoort niks in jou pad te staan om 'n beter verhouding met Hom te bou nie. Wanneer ander dinge belangriker is, as Jesus nie 1ste is dan is ons Hom nie werd nie. As die hemelse Bruidegom jou uitgenooi het vir eenwording, vir 'n tyd saam met Hom, dan moet jy alles los en Hom tegemoet gaan.

-o0o-

***Matthéüs 10:37*** *Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie.*

*Matthéüs 10:38 En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie.*

Hy gaan **nie** kom vir 'n bruid wat Hom 2de, 3de of 4de in die ry plaas nie. Hy moet absoluut in alles **1ste** kan wees, in jou daaglikse sowel as in jou jaarlikse beplanning, selfs jou familie mag nie 1ste kom nie. Ek weet waarvan ek praat want die Here het hierdie pad met ons geloop. Jou bruidegom is jou Alfa en jou Oméga. As Hy nie 1ste in alles is nie, moet jy baie diep gaan ondersoek waar staan jy in jou verhouding met Hom.

Hierdie is 'n baie ernstige saak. Dit is die verbond, wat beteken jy stel jou Bruidegom absoluut **1ste**, omdat God die Vader vir jou Sy allerbeste gegee het. **Hy het die hemel leeg gemaak vir jou** en as jy nie regtig jou hele wese kan leegmaak vir Hom nie, is jy Hom nie werd nie. Dit is harde woorde maar ek kan nie 'n verdraaide evangelie gee nie; ek moet sê wat in die Woord geskryf staan. Dit gaan oor 'n volkome, volmaakte, perfekte verhouding waarin jou Bruidegom 1ste moet wees. Geen man sal met 'n vrou trou as sy nog in verhouding is met ander minnaars, of ander bo hom verkies nie.

As jy Hom nie jou hele liggaam kan gee nie, of as daar skaamte is wat jy nog moet bedek, kan jy nie in Sy volmaakte liggaam aan Hom behoort nie, dan is jy nie deel van die verbond nie. Jy kan nie 2 here dien nie.

### iii) Bloed Reiniging

**Hebreërs 9:19** want toe elke gebod volgens die wet deur Moses aan die hele volk aangekondig is, het hy die bloed van die kalwers en bokke saam met water en skarlakenrooi wol en hisop geneem en die boek self en die hele volk besprinkel

- Skarlakenrooi wol - is 'n tipe van die bloed;
- Hisop verteenwoordig geloof

**Hebreërs 9:20** en gesê: Dit is die bloed van die testament wat God met die oog op julle verorden het.

Hebreërs 9:21 En hy het ook die tabernakel en al die gereedskap van die diens net so met die bloed besprinkel.

**Hoekom?**

Hy moes dit doen, want dit is 'n tydelike reiniging wat deur mense hande gemaak is.

**Hebreërs 9:22** En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie.

Hebreërs 9:23 Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie.

Hebreërs 9:24 Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn;

Hebreërs 9:25 ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie,

Hebreërs 9:26 want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen.

-o0o-

Hebreërs 9:27  En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,

### iv) Wat gebeur in die graf

Die voorhangsel het geskeur toe Christus gesterf het, en Hy het direk in die Allerheiligste inbeweeg, sodat ons as Sy bruid Hom kan volg. Maar dan staan Christus uit die dode op waar Hy na die 3 onderwêrelde gegaan het volgens die Skrifte.

- 1ste - Die **Abyss**, waar die demone is, met ander woorde, Hy het al die demoniese siektes, kwale, peste en krankhede teruggevat Abyss toe.
- 2de - Daarna het Hy in die **Tuataras** verskyn waar al die gevalle engele is. Hy nie gaan preek nie, die woord in Grieks beteken Hy het 'n proklamasie daar gaan maak. Die gevalle engele was daar omdat hulle by satan opdrag gekry het om die saad van die vrou te keer, sodat sy nooit die slang se kop sou vermorsel nie.

*Génesis 6:4 In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam.*

Dáárdie engele is in die gevangenis geplaas. Hy het Homself aan daardie engele gaan vertoon en gesê: *hier is Ek, julle het gefaal*. Daarom sal satan nie Abyss toe gaan nie maar wel Tuataras toe.

- Die 3de plek waar Hy heengegaan het was die **paradys** waar Hy die paradys gaan leegmaak het en die ontslape heiliges saam met Hom opgestaan het.

*Matthéüs 27:51  En kyk, die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur, van bo tot onder, en die aarde het gebewe en die rotse het geskeur;*

*Matthéüs 27:52  en die grafte het oopgegaan en baie liggame van die ontslape heiliges het opgestaan.*

*Matthéüs 27:53  En ná sy opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in die heilige stad ingekom en aan baie verskyn.*

Die heiliges kon nog nie saam met Hom hemel toe opvaar nie, omrede die bloed offer wel op aarde gedoen was, maar nog nie deur die Vader in die hemel aanvaar was nie. Daarom moes Christus Sy bloed vir die Vader aanbied, die Vader moes daardie versoenings bloed van Christus aanvaar het, en Christus het dit op die hemelse altaar geoffer.

Ek het 'n visioen gehad van hierdie dinge wat gebeur het. Toe Christus die bloed vir die Vader offer, het ek gesien hoe letters 'n boekrol (scroll) vorm, uit hierdie altaar opstyg en voor die Vader verby beweeg. Dit het alles woorde gevorm, wat name gevorm het, en toe die Vader die proklamasie maak, versoen Hy persoonlik met elke persoon wie se naam uit daardie altaar gekom het.

Dit beteken dat die bloed van Christus Jesus verander het in elke persoon wie se naam in hierdie verbond opgeskryf is. Toe die Vader die versoening spreek kon die mense op beweeg hemel toe. Dit is  waarvan Matthéüs praat.

Dit is waarom die versoening 1 keer gebring is, volmaak en volkome en nooit weer nie. Vandag nog, op hierdie oomblik, is die bloed van Jesus nog steeds besig op die hemelse altaar om die name te proklameer voor die Vader, sodat daar versoening tussen die Vader en ons kan kom.

**Die verbond het eers volkome geword die dag toe Christus Sy bloed op die hemelse altaar geoffer het. Christus het die prys betaal maar die Vader moes die versoening geproklameer het.**

**Hebreërs 9:28**  so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.

-o0o-

**v) Wie Is Die Wat Hom Verwag Tot Saligheid?**

- Dit is hulle wat in Sy dood gedoop is.
- Dit is hulle wat in hierdie verbond wat ons besig is om te bespreek, aan die vereistes wat nodig is om in hierdie verbond te staan, voldoen.
- Die een wat die verbond maak sal altyd alles gee, maar Hy verwag van die ander party ook om sy beste en alles te gee. So as jy nie jou beste gee nie is jy nie deel van die verbond nie. Geen huwelik sal werk as 'n vrou nog steeds met haar hoërskool liefdes flankeer nie.
- Ons kan nie met die wêreld hoereer en met Christus in 'n verbond staan nie.
- Dit is óf Hy óf die wêreld en daarom sal Hy net kom vir die wat Hom in saligheid verwag. Hulle wat regtig volkome uitverkoop is aan hierdie verbond. Hulle wat alles op die altaar geplaas het om Hom te volg.

-o0o-

Daar is **vyf vloeke** wat uitgespreek is in Genesis, naamlik: (Verwys Lesing: **Koninkryk 1**)

- een oor Adam,
- een oor Eva,
- een oor die slang,
- een oor die aarde en
- een oor satan.

-o0o-




**Wikipedia**

**Is scarlet the colour of blood?**

We all use an oxygen-carrying blood protein, known as hemoglobin, that contains iron. It's the iron that gives blood its dark red color in the body. When blood comes into contact with air, it turns the classic scarlet red.




**HYSSOP**

In the Old Testament hyssop was used to sprinkle blood as part of the Jewish Passover. Hyssop was mentioned in the Bible for its cleansing effect in connection with plague, leprosy and chest ailments and symbolically in cleansing the soul.



Hyssop (Hyssopus officinalis) is a hardy perennial herb that grows about two feet tall. The aromatic leaves are dark green and pointed. Because hyssop is a sub-shrub you can use it as a border plant in gardens.

Unlike most herbs, hyssop has attractive flowers. They come in pink, white, or blue flowers that are attractive to butterflies and bees. One source says that honey gathered from hyssop nectar is especially tasty.

In Medieval and Renaissance times hyssop was primarily used for respiratory and digestive ailments. It was also used externally for treating bruises, sores, earaches, and rheumatism.

-o0o-